Development Bank
of Southern Africa

Confidential

DIE KOMMISSIE VIR DIE SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE BANTOEGEBIEDE BINNE DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

MY KONTAK MET DIE KOMMISSIE

PROF F R TOMLINSON

Development Bank of Southern Africa
30010000207574

KOMMSOEK
O.B.S.A./D.B.S.A.
BIBLIOTEEK - LIBRARY
Aanwinsnommer:
6343.
Klassifikasienommer:
02·01·01 TOM

# DIE KOMMISSIE VIR DIE SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE BANTOEGEBIEDE BINNE DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA
## MY KONTAK MET DIE KOMMISSIE

deur

PROF F R TOMLINSON

REFERAAT GELEWER BY DIE ONTWIKKELINGSBANK VAN SUIDER-AFRIKA

19 JUNIE 1985

## INDELING


| | | |
|---|---|---|
| A. | Die aanloop tot die Sosio-ekonomiese Kommissie | par 1 tot 10 |
| B. | Wat was ons taak? | par 11 tot 13 |
| C. | Hoe het ons te werk gegaan? | par 14 tot 18 |
| D. | Wat, in kort, het ons gevind? | par 19 - 30 |
| E. | Waarop kom ons kern aanbevelings neer? | par 31 tot 56 |
| F. | Hoe later hoe kwater | par 57 tot 80 |
| G. | Slotgedagte | par 81 |

# DIE KOMMISSIE VIR DIE SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE BANTOEGEBIEDE BINNE DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA : MY KONTAK MET DIE KOMMISSIE

**deur**

PROFESSOR F R TOMLINSON

## A. DIE AANLOOP TOT DIE SOSIO-EKONOMIESE KOMMISSIE

1. Behalwe om hier 'n kort kykie te gee na die werksaamhede van die Sosio-ekonomies Kommissie waarvan ek die eer en voorreg gehad het om as Voorsitter op te tree so 30-35 jaar gelede, het ek dit goed gedink om u ook in te lig oor aangeleenthede wat u nêrens sal lees nie maar wat tog belangrik is vir u om te weet; veral vir u wat verbonde is aan die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 'n inrigting wat 'n uiters belangrike rol sal moet speel as ons werklik iewers met ons ontwikkelingspoging rakende die Swartgebiede in Suider-Afrika wil kom.

2. Ek dink ook dit is belangrik dat u besef u is nie die eerste en nie die enigste wat wetenskaplike denke en energie aan die taak van ontwikkeling gewy het of wy nie. Ek verwys ook hier met graagte en met trots na die doktorale proefskrif van ons voorsitter hier vandag, dr Simon Brand, met wie ek in die verband as promotor ten nouste geassosieer was.

3. Alhoewel ek nie in detail op ons bevindinge sal ingaan nie is dit tog nodig dat ek op sekere kernbevindinge en -aanbevelings hier ingaan. Later daaroor. Nou eers 'n bietjie agtergrondgeskiedenis. U weet almal van die Volksraadverkiesing in 1948 toe die Nasionale Party aan bewind gekom het en

wel in groot mate op basis van die slagspreuk **Apartheid.** Toe dit teen die einde van 1949 blyk dat bra min in die rigting gevorder word, want die getalle swart mense stroom steeds na die Blanke stede, is op die gedagte gekom om 'n Kommissie te benoem ten einde die ontwikkeling van die destydse Bantoegebiede te ondersoek en verslag daaroor te doen. Alhoewel verskeie persone op vaderskap tot so 'n Kommissie aanspraak gemaak het, dui my eie ondersoek na die gebeure dat die idee eintlik van mnr M D C de Wet Nel, LV vir Wonderboom, gekom het. "Oom Daan", soos meeste hom geken het, is met die idee na Advokaat J G Strydom, LV vir Waterberg en Minister van Lande asook leier van die Nasionale Party in Transvaal. Adv Strydom het die idee sterk ondersteun en het mnr Nel gevra om dit aan dr E G Jansen, Minister van Naturellesake in die nuwe Regering voor te lê. Ook dr Jansen het die idee onmiddelik ondersteun en mnr Nel aangesê om dit aan dr D F Malan, Eerste Minister, voor te lê. Ek neem aan dr Jansen was saam met mnr Nel na die Eerste Minister. Dr Malan het die idee van so 'n Kommissie ook sterk ondersteun. Daarvandaan het die wiele begin rol.

4. Wat ek kan aflei is dat die Kabinet in April 1950 die instelling van so 'n Kommissie van Ondersoek goedgekeur het. Heelwat tyd het verloop waartydens oorweging geskenk is aan wie die Kommissie as Voorsitter sou lei. Na verskeie moontlikhede oorweeg is, is uiteindelik deur Adv Strydom in die Kabinet voorgestel dat Dr F R Tomlinson, Professor in die Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, tot Voorsitter benoem word. Blykbaar het dit algemene byval gevind, waaroor ek baie bly is.

5. Ek het Adv Strydom persoonlik nie geken nie maar was bewus dat hy en sy broer Raymond 'n vleisbeesboerdery op die Springbokvlakte naby Settlers bedryf het. Ek het verskeie artikels, veral in **Boerdery in Suid Afrika**, oor landbou-ekonomiese aangeleenthede reeds sedert 1936 gepubliseer asook heelwat radiopraatjies oor landbou gelewer. Ook het 'n omvattende studie oor boerdery op die Springbokvlakte in bulletinvorm (Bul 196, Department Landbou en Bosbou, 1938) verskyn. Ek kan net dink dat Minister Strydom as boer bewus was van gemelde aktiwiteite van my en dat dit hom moes beïndruk het. Die Kabinet het ook waarskynlik die ontwikkelingstaak primêr as 'n landelike een beskou. Bogenoemde is soos ek my benoeming tot voorsitter self verklaar. Gelukkig vir my het ek 'n taamlike sterk onderrig in die ekonomie aan Cornell-Universiteit gekry.

6. Ongeveer die middel van September 1950 is ek telefonies deur dr W W M Eiselen, Sekretaris van Naturellesake, verwittig van so 'n Kommissie en dat ek deur die Kabinet tot voorsitter benoem is. Ek moes hom laat weet of ek die benoeming aanvaar. Dit was 'n Saterdag. Ek het gevra vir 'n week of so se uitstel want ek het dadelik besef hierdie is 'n gewigtige saak. Ek het gedurende die naweek die saak bedink en daar en dan besluit om die benoeming te aanvaar. Ek het dan ook reeds die Maandag dr Eiselen laat weet dat ek die benoeming my laat welgeval. Alhoewel ek die aanvoeling gekry het van die gewigtigheid van die taak het ek nooit gedink dat dit so groot in omvang en in diepte sou wees nie en dat na voltooiing daarvan my naam omtrent oor die hele aardbol sou kring.

7. In 'n brief gedateer 30 September 1950 is ek amptelik van my aanstelling as voorsitter van die Kommissie in kennis gestel. Intussen het Minister E G Jansen aan wie ek verantwoording sou doen, sy pos neergelê om die benoeming as Goewerneur-generaal te aanvaar. Adv C R Swart het dr Jansen se portefeulje tydelik waargeneem totdat 'n permanente aanstelling gemaak kan word. Ek wou dadelik met die werk begin maar Adv Swart het nie kans gesien om met so 'n "warm patat" in sy tydelike hoedanigheid te doene te kry nie. Ek het dus nooit by hom uitgekom nie en moes maar wag vir die permanente vulling van die betrokke Kabinetspos. Dr Malan het dr H F Verwoerd benoem tot Minister van Naturellesake. Hy het die pos op 1 November 1950 betree. Ek was seker die eerste persoon van buite die Department met wie hy 'n onderhoud gevoer het. Ek dink dit was deurgaans 'n bitter pil vir dr Verwoerd om te sluk dat 'n "Kommissie wat Jansen aangestel het", op sy gebied moes kom krap.

8. Intussen is ek verwittig van die samestelling van die Kommissie. Ek was daarmee tevrede behalwe vir twee aspekte. Eerstens was ek nie tevrede met die lid wat die landbou moes behartig nie en tweedens wou ek 'n "ekonomiese geograaf" daarop hê. Ek het my saak voorgelê en is daarin ondersteun. My keuse vir die landbou was professor F X Laubscher van Stellenbosch. F X was baie entoesiasties maar na 'n paar maande het hy gesien hy sal die taak soos ek dit aan hom gestel het tesame met sekere pligte by sy Universiteit nie kan uitvoer nie en het my gevra om hom tog liefs te los. Ek het hom vervang met 'n baie gelukkige keuse, professor J H R Bisschop van Onderstepoort, met sy landboukundige en veeartsenykundige opleiding. 'n Interessante aspek van

hierdie benoeming is dat toe die veekundige, Dr F N Bonsma van my netelige posisie verneem, hy na my kom en die mening lug dat professor Bisschop (Oom Jack het ons hom genoem) baie geskik vir so 'n taak behoort te wees. Dit was 'n raakskoot en ek bly dr Bonsma baie dankbaar vir sy wenk aan my.

9. Ek het die aanvoeling gehad dat die ontwikkelingstaak aan ons gestel nie sonder 'n top-ekonomiese geograaf uitgevoer sou kon word nie. Die ingewing wat ek gekry het, het seker voortgespruit uit my ondervinding opgedoen in die afdeling Ekonomie en Marke in verband met die Agro-ekonomiese opname van Suid-Afrika waarby ek betrokke was. Die aangewese keuse was Dr J H (Jannie) Moolman, toe reeds vooraanstaande geograaf in Suid-Afrika. Dit was die begin van produktiewe samewerking tussen ons twee, eers op die Sosio-ekonomiese Kommissie, gevolg deur die Kommissie oor Kleinhoewes in die Omstedelike Gebiede van Suid-Afrika en later die Interdepartementele Komitee oor die Gebruik van Landbougrond in Suid-Afrika.

10. Die Kommissie het sy eerste sitting op 28 November 1950 in die Uniegebou gehad, waar ons met mekaar kennis gemaak en sekere prosedures bespreek het. Ek het ook die Minister en die Sekretaris van die Departement na die vergadering genooi. 'n Interessante staaltjie wat ek graag hier boekstaaf, is die volgende: Toe mnr Gert Badenhorst, boer en nyweraar van Zoeloeland, my kom groet, steek hy sy hand uit en sê "Bly om u te ontmoet, mnr die Voorsitter. Ek wil graag 'n voorspelling hier maak. Met hierdie ding waarmee jy jou ingelaat het, gaan hulle jou eendag of ophang of 'n monument vir jou oprig." Sover weet ek nog nie wat my lot is nie! By hierdie eerste

sitting het ek die mening uitgespreek dat ons met die skepping van 'n nuwe staat te doene gaan hê.

## B. WAT WAS ONS TAAK?

11. Soos ek dit gesien het was heel eerstens ons taak die bepaling van die potensiaal van die gebiede, sy fisiese, sy ekonomiese en sy menslike potensiaal.

12. Naas die bepaling van die totale potensiaal was ons taak om te bepaal hoe die potensiaal ontwikkel moet word, met ander woorde ons moet met 'n wetenskaplik uitgewerkte ontwikkelingsprogram na vore kom en wel 'n program wat ons dink uitvoerbaar sou wees.

13. Die uiteindelike vraag wat ons uit ons taakverrigting moet beantwoord en wat vir Suid-Afrika van die allergrootste belang is, gesien uit die oogpunt van die dilemma waarin hy verkeer, is wat die uiteindelike ontwikkelde gebiede in menslike drakrag sal lewer.

## C. HOE HET ONS TE WERK GEGAAN?

14. Die Kommissie het met die gebiede deur middel van nege voorafbeplande toere kontak gemaak waarvan een 'n besoek aan die Weskaap was. Kontak is op hierdie toere gemaak met die fisiese omgewing en sy mense asook met die administratiewe personeel. Waardevolle inligting is hier ingesamel. Gebaseer op die menings van ons as Kommissielede tydens die toer opgedoen, is 'n verslag deur my as voorsitter van elke toer opgestel. Waardevolle eerstehandse inligting is in hierdie nege toerverslae vervat.

15. Mondelinge getuienis is ingewin tydens 83 sittingsdae van 428 persone waarvan 322 Blankes en 106 Nie-

blankes was. Hierdie getuienis beslaan ongeveer 8 000 foliobladsye. Die inhoud is myns insiens van onskatbare waarde vir navorsers op die gebied van ontwikkeling.

16. Bykans 250 memoranda is ingewin (dit sluit die nege toerverslae in) van individue en inrigtings en beslaan 'n wydvertakte veld. Ook hier is 'n waardevolle bron van inligting vir navorsers.

17. Navorsing is deur die Kommissie onderneem op 'n baie wyd vertakte vlak in verband met gebiede rakende alle sektore van 'n volkshuishouding. In hierdie opsig het ek van die beste deskundige kragte in die land saamgetrek om die Kommissie in sy navorsingstaak te help. Aan hierdie deskundiges is ek baie dank verskuldig.

18. In ons navorsingspoging het ons 'n atlas saamgestel bevattende 66 kaarte waarvan twee onnodiges by publikasie van die samevatting van die verslag weggelaat is.

## D. WAT, IN KORT, HET ONS GEVIND?

19. Voordat ek by die gebiede self kom, het ons gevind dat die terme apartheid en naturel geensins aanneembaar is nie, trouens hulle was verfoeilik, en het die Kommissie die term apartheid vervang met afsonderlike ontwikkeling en die benaming naturel met Bantoe. Ons het die benaming van die Kommissie waarin die woord naturellegebied voorkom soos in die Staatskoerant gepubliseer, sommer self verander na Bantoegebiede sonder om dit deur middel van die Staatskoerant te laat doen. Ek spreek onder korreksie maar ek dink die term afsonderlike ontwikkeling het sy ontstaan by ons Kommissie.

20. Die gebiede lê in 'n perdeskoenvorm om die oostelike, noordelike en noordwestelike boeg van Suid-Afrika bestaande uit 260 eenhede (geografies geskei) van groter en kleiner omvang, bevattende sowat nege verskillende etniese volksgroepe.

21. Die algemene voorkoms van die gebiede was in Bybelse terme "woes en leeg" waar almal boere wou wees met 'n boerderypatroon wat gekenmerk was deur :

- Verkeerde grondgebruik
- Ondoeltreffende grondbewerkingstelsels
- Ondoeltreffende veeboerderypraktyke
- Toename in grondverspoeling
- Agteruitgang van grondproduktiwiteit
- Lae akkerbou- en veeboerderyproduksie
- Uiters swak inkomste uit die boerdery met gevolglik: 'n kwalitatief ondoeltreffende dieet; 'n verlaagde gesondheidspeil; en 'n algemene lae lewensstandaard

22. 'n Oorbevolkte landbousektor waarvan 'n groot persentasie van die landboubodem sal moet padgee.

23. 'n Eensydige volkshuishouding sonder diversiteit, met ander woorde sonder enige stedelike sektor van watter aard ookal en waar die geografiese inkomste as volg vertoon het:

| | |
|---|---|
| Landbou en Bosbou | 67.0% |
| Regering (government) | 26.0% |
| Ander dienste | 4.0% |
| Handel | 2.5% |
| Nywerheid (hoofsaaklik tuisnywerhede) | 0,5% |
| TOTAAL | 100.0% |

Mynwese minder as 0.05%

24. 'n Karige bydrae word deur die gebied tot Suid-Afrika se volksinkome gelewer.

25. In verreweg die oorgrote meerderheid van huisgesinne moet die inkomste uit plaaslike bodem verdien aangevul word met verdienste in die Blanke sektor.

26. Behalwe in sekere uitsonderlike gevalle is grondbesit hoofsaaklik gebaseer op 'n stelsel van kommunale besit.

27. Op Kerklike gebied was daar 78 erkende kerke in die gebiede werksaam en 1286 "sektes" wat in 1951 aansoek om registrasie gevra het. Amper ongelooflik!

28. Op maatskaplike en gesondheidsgebiede asook in die onderwys voldoen die betrokke instellings nie aan die eise van die gemeenskap nie.

29. Ongeveer helfte van die Bantoebevolking het hulle in 1951 binne die gebiede bevind met ander woorde daar was reeds sowat 4 miljoen in die Blanke sektor.

30. Die Departement van Naturellesake het op die Kommissie die indruk gemaak dat sy aktiwiteite uit die patroon van die British Colonial Office spruit met geen program of plan van ernstige ontwikkeling nie, met ander woorde hoofsaaklik 'n administratiewe Departement. Ter versagting moet gestel word dat hierdie Departement ongeveer twee-derdes van die totale bevolking van die land onder sy sorg gehad het.

31. Ten spyte van die agterlikheid van die gebiede beskik dit oor 'n uitstekende inherente potensiaal wat met behoorlike beplanning en ontwikkeling 'n betreklik hoë bevolking kon dra.

## E. WAAROP KOM ONS KERN AANBEVELINGS NEER?

32. Die konsolidering van die verspreide 260 Swart gebiede sover as moontlik in redelik groot eenhede op grond van etniese grondslag. Hierdie aanbeveling is primêr vir enige ontwikkelingstrategie.

33. Die skeiding van die bevolking in 'n landbou- en nie-landbouklas gepaard met intensiewe ontwikkeling van die Bantoelandbou.

34. Die vestiging van die boerende (landbou) bevolking op vooraf vasgestelde eenhede met 'n minimumgrootte wat 'n produksiewaarde lewer van 60 pond gebaseer op naastenby produksie- en pryspeile soos wat dit in 1951 geheers het. Vir besproeiingsboerdery en suikerrietverbouing is die posisie ietwat anders.

35. Die aanbevelings vervat in par 33 en 34 sou meebring dat die landbou 'n bevolking van sowat 2,5 miljoen persone (groot en klein) sal kan absorbeer. As ek dit rek tot 3 miljoen is ek heeltemal aan die te hoë kant. Om vir 'n groter bevolking te mik bluf ons net onsself.

36. Die instelling van 'n stelsel van private grondbesit in die stede en dorpe en waar en wanneer die bevolking dit verkies, ook in die landbou.

37. Die plaaseenhede wat deur die boer gekoop word, geskied teen 'n prys van ongeveer 400 pond, afbetaalbaar oor 'n periode van 40 jaar, met 10%

deposito by aankoop, en die balans teen 'n rentekoers van 2,5% per jaar.

38. Met 'n geskikte oppervlakte van sowat 570 000 akker vir bosbouplantasies kan die ontwikkeling van hierdie sektor 'n belangrike rol speel in die toekomstige ekonomie van die gebiede.

39. Sterk aandag moet gegee word aan die uitbouing van die ander primêre sektor, nl die mynbou, aangesien gunstige neerslae van onedele metale in die gebiede voorkom.

40. Die ontwikkeling van 'n gediversifiseerde ekonomie in die gebiede is die enigste uitweg uit die bevolkingsdilemma. Slegs so kan die surplus-landboubevolking opgeneem word.

41. Die ontwikkeling van 'n sekondêre sektor binne die gebiede met 'n verskeidenheid van nywerhede wat by die omstandighede ten opsigte van arbeid en fisiese hulpbronne aanpas en waarby die Blanke ondernemer en Blanke kapitaal ook betrek moet word.

42. Die ontwikkeling van 'n sekondêre sektor in die randgebiede dit wil sê in die Blanke sektor maar naby die Bantoegebiede.

43. Die ontwikkeling van tersiêre aktiwiteite soos in ooreenstemmende Blanke gebiede gevind word.

44. Die ontwikkeling van 'n gediversifiseerde ekonomie bring outomaties die totstandkoming van goed beplande

dorpe en stede met die nodige infrastrukture mee. Die Kommissie het ongeveer 100 punte aangedui wat hy as geskik beskou het vir die plasing en ontwikkeling van dorpe en stede.

45. Die Kommissie het dit in die vooruitsig gestel dat die tempo van ontwikkeling so moet wees dat die gebiede na sowat 30 jaar dit wil sê in die laat tagtiger jare 'n totale bevolking van 8 miljoen sal kan onderhou plus 2 miljoen trekarbeiders.

46. Die Kommissie het baie sterk vir gebalanseerde ontwikkeling gevoel met genoegsame klem op mensontwikkeling deur middel van Kerklike, onderwys-, gesondheids- en ander welsynsdienste. Anders sal die miljoene in die ekonomiese sektore belê van min waarde wees.

47. Met die oog op die voorkoms van 78 erkende Kerke en 1286 "sektes" in die gebiede waardeur heelwat geestelike verwarring onder die inwoners geskep word, is die aandag van die hoofkerkgenootskappe op die belangrikheid van hul sendingaksies gevestig.

48. In ons voorgestelde ontwikkelingsorganisasie het ons dit van kardinale belang beskou dat die Departement van Naturellesake in sekere opsigte omvorm en uitgebou moet word om aan die eise wat die ontwikkelingstaak aan hom sal stel, te voldoen. Hierdie aanduidings is duidelik gestel.

49. Selfs met die reorganisasie van die betrokke Departement was dit baie duidelik dat dit geensins die ontwikkelingstaak sou kon aanpak en uitvoer nie. Ten einde die nodige verdere navorsing en beplanning

ten opsigte van die uitvoering van die ontwikkelingstaak te onderneem het die Kommissie baie sterk gevoel oor die instelling van 'n Ontwikkelingsraad wat op grond van sy wetenskaplike ondersoeke die Ministerie van die nodige advies ten opsigte van ontwikkeling kan bedien. Dit was vir die Kommissie 'n belangrike kernaanbeveling.

50. Saam met die Ontwikkelingsraad het die Kommissie sterk gevoel vir die instelling van 'n Ontwikkelingskorporasie om met die werklike stigting van ondernemings op beide sekondêre en tersiêre vlak te adviseer en waar doenlik self te loods.

51. Wat finansies betref en om in die eerste jare aan die gang te kom, het ons die benodigde bedrag op 104 miljoen pond gestel waarvan ongeveer helfte van 'n sosiaal-ekonomiese aard en die res van 'n privaat-ekonomiese aard sou wees. Die omvang en verdeling van hierdie bedrag word volledig en baie duidelik in die Verslag beredeneer.

52. Op staatkundige gebied het die Kommissie homself weerhou van 'n finale mening alhoewel ons as eerste mikpunt 'n regeringsvlak soortgelyk aan die provinsiale stelsel in die vooruitsig gesien het, maar tog as uiteindelike doelwit 'n vorm van onafhanklike Swart state in ons agterkop gehad het soos reeds ten tye van die eerste Kommissievergadering deur my voorsien.

53. Die aanbevelings van die Kommissie, met ander woorde, die ontwikkelingsplan rus op vier pilare nl die ekonomiese pilaar, die menslike pilaar (human pilar), die administratiewe pilaar en die staatkundige pilaar.

54. Die uiteindelike mikpunt - al neem dit 'n paar geslagte - moet wees dat die Bantoe op alle terreine van die samelewing die ontwikkelingstaak self moet behartig.

55. Indien die ontwikkelingstaak nie uitgevoer word nie bly die gebiede se absorbsievermoë vir bevolking staties en sal die groeiende balans in sy miljoene in die Blanke sektor opgeneem moet word.

56. Die aanvoorpunt ten opsigte van afsonderlike ontwikkeling tussen Blank en Swart lê opgesluit in die volskaalse ontwikkeling van die Bantoegebiede.

## F. HOE LATER HOE KWATER

57. Vir die eerste drie jaar, 1951 tot 1953, terwyl ons almal druk besig was met die afneem van getuienis en met die nodige navorsing, was daar gelukkig geen inmenging van enige aard aan die kant van die Minister of van sy Departement nie en het ons spoedeisend maar tog rustig ons taak verrig. Die Tesourie het nie 'n oorvloed nie, maar elke jaar op grond van ons voorlegging genoegsame fondse tot ons beskikking gestel en ons het met ons uitgawes stiptelik binne ons toegelate bedrae gebly.

58. Aan die begin van 1954 begin die poppe egter dans toe 'n assistent-sekretaris van die Departement, 'n sekere Van Wyk, na die administrasie van ons kantoor kom ondersoek instel. Ek het met hom feitlik niks te doen gehad nie. Die Kommissie se sekretaris, mnr F N Botha het hom al die inligting verskaf waarvoor hy gevra het. Na die ondersoek het mnr Botha my meegedeel dat alles in orde was en geen fout gevind is nie.

59. Wat was my verbasing toe ek 'n brief gedateer 1.3.1954 van my mede-lid, mnr M D C de Wet Nel, vanuit die Volksraad ontvang dat die Minister erg begaan was oor ons uitgawes en dat hy mnr Nel, wat niks van die ondersoek geweet het nie, streng aangespreek het. Dr Verwoerd het wat my siening betref, die onvergeeflike stap geneem om my by die Kabinet te gaan rapporteer vir die aangaan van ongemagtigde uitgawes sonder om enigsins seker te maak van sy feite. Hy het Van Wyk blindelings geglo. Die Kabinet was deurgaans erg geskok en by uitstek my Minister van Landbou, Adv S P le Roux. My eie sowel as die Kommissie se toekoms het aan 'n draadjie gehang.

60. Ek is dadelik na Kaapstad om die Minister te spreek. Oom Daan was saam by die onderhoud met dr Verwoerd by sy lessenaar en ons regoor hom. Hy het my dadelik aangeval oor ongemagtigde of onbeheerde uitgawes (een van die twee woorde het hy gebruik) en veral dat ek duisende ponde uitgegee het op die gebruik van akademici (akademiese vriende het hy dit genoem). Ek was verbaas. Jy kon my met 'n strooitjie omtik. Gelukkig het ek een uitgawe goed geweet en dit was die koste verbonde aan die akademici wat my met die navorsing gehelp het. Dit was 'n minimale bedrag. Toe ek hierdie bedrag aan die Minister meedeel en verder dat ons totale uitgawes heelwat benede die bedrag toegeken in die begroting was, is die wind uit sy seile geneem. Toe kom die vraag "Wat het dan van die geld geword soos aan my gerapporteer?" Ek dink hy kon sien ek was briesend. Oom Daan het net sy regterhand so op my linker knie gesit om my te kalmeer. Ek het dr Verwoerd net gesê dat ek nie

daar en dan ons uitgawepatroon uit my kop kon voorlê nie, maar ek sal dit skriftelik in 'n memorandum aan hom stuur.

61. My memorandum oor ons uitgawepatroon het die Minister baie gou bereik. Dit was vir hom 'n geweldige skok toe hy die ware feite kry soos opgestel deur my baie pligsgetroue en uiters akkurate sekretaris, mnr F N Botha, en deur my onderteken. In dr Verwoerd se guns moet ek meld dat hy by die eerste en die beste geleentheid die saak aan die Kabinet reggestel het en my van alle blaam onthef het. Ek verstaan dit was tot groot verligting van die hele Kabinet en veral ook vir my Minister van Landbou. Daarteenoor tot vandag dink ek steeds dat dit uiters swak van dr Verwoerd was om my nooit weer oor die aangeleentheid in te geroep het en darem by my apologie aan te geteken het nie. Daar het ek werklik in groot mate my respek vir hom verloor. Ek het van 'n groot en eerbare man soos hy verwag om darem te sê hy is jammer vir sy optrede.

62. Die heer Van Wyk is baie gou daarna uit die Departement verplaas. Ek dink dit was na Gevangeniswese. By latere navraag na aanleiding van die heer Van Wyk se optrede het ek tot die gevolgtrekking gekom dat hy by die Minister probeer kruip het met die oog op bevordering. Hy was blykbaar daarvan bewus dat die Minister nie juis baie lief vir die Kommissie was nie en het probeer om langs so 'n weg 'n slag vir hom te slaan. Dit het net nie gewerk nie.

63. Vroeg in 1954 nog voor die Parlementsitting het ek dr Verwoerd gaan spreek oor die publikasie van die verslag. Ek was toe reeds bewus van die omvang van

die verslag en wou weet oor sekere aspekte soos onder andere die vertaling daarvan. Hy het my meegedeel dat hy nie goedkeuring gaan gee vir publikasie nie. Hy kom toe met die verbasende voorstel aan my om nie die verslag te laat teken wanneer voltooi nie en dit bloot as 'n memorandum aan hom te oorhandig wat hy in sy kantoor sal hou as 'n bron van inligting. Ek het hom duidelik laat verstaan dat ek vir so iets nie te vinde is nie, dat dit 'n amptelike Kommissie is en dat die verslag geteken sal word. In elk geval is publikasie van die verslag toe van die baan. Mnr Nel het publikasie van die verslag sterk ondersteun maar die Minister was onverbiddelik daarteen. Na indiening van die 17 volumeverslag, het dr Verwoerd ingestem tot publikasie van 'n verkorte verslag. Ons het dit 'n samevatting genoem.

64. 'n Probleem het oor een van ons pronkstukke, die atlas, ontstaan toe die Departement, seker maar komende van die Minister, sterk beswaar aangeteken het teen insluiting van ons kaart oor konsolidasie van die 260 geografiese eenhede. Die atlas wat in groot vorm saam met die 17 volumeverslag verskyn het, het twee inhoudsopgawes gehad. Sover ek weet, het slegs die lede van die Kommissie en die Kabinet die volle atlas met 66 kaarte ontvang en die res soos bv biblioteke en helpers het 'n atlas met slegs 65 kaarte ontvang, met ander woorde sonder die konsolidasiekaart. Dit is administratief in my kantoor gedoen, waarvan ek nie bewus was nie.

65. Die instruksie was dat die samevatting, wat later eers verskyn het ook sonder die konsolidasiekaart moes wees. Dr J H Moolman en ek het dit op 'n ietwat slinkse manier reggekry om die betrokke kaart

wel in die samevatting van die verslag (U.G.61/1955) geplaas te kry.

66. In die Kabinet waar die samevatting bespreek is, is die konsolidasievoorstel afgemaak met die volgende woorde: "... dit is egter onrealisties om nou op kaarte vae grense te trek wat verder blankegebied inbetrek wie se aankoop tog nie nou ter sprake kan kom nie. Toekomstige regerings mag op sulke teorieë terugkom. Vandag is dit nie 'n saak van praktiese beleid nie." En nou die redes, volgens mnr de Wet Nel, waarom dr Verwoerd so 'n klei in my en die Kommissie gehad het, maar veral in my, was omdat hy die konsolidasie-idee soos in die kaart vertolk een van die groot "splashes" van sy loopbaan wou gemaak het, en ons (ek) het dit hom ontneem.

67. Gedurende 1954, die jaar toe ons die verslag afgehandel het, het dit my ter ore gekom dat dr Verwoerd baie gekant is teen enige gebruik van Blanke kapitaal en Blanke entrepreneurskap in die gebiede. Ek het my egter nie daaraan gesteur nie. Op 1 Oktober 1954 het ek en my sekretaris, mnr F N Botha, die volle getekende verslag met atlas en al aan die Minister in sy kantoor gaan oorhandig. Dr Verwoerd het dadelik na die inhoudsopgawe gekyk, direk die volume uit die 17 getrek waarin die hoofstukke oor nywerheidsontwikkeling voorkom. Hy het vinnig deurgeblaai en gou die bladsy waar die kanale waarlangs nywerheidsontwikkeling moet plaasvind, gevind. Baie duidelik staan dit onomwonde daar dat van Blanke entrepreneurs ook gebruik gemaak moet word. Sonder dat hy 'n woord sê, plaas hy die volume terug op sy plek. Ek kon die stroewe trekke op sy gesig sien, sonder enige twyfel erg ontevrede met wat hy gesien het.

68. In 'n brief van mnr de Wet Nel gedateer 21.2.1955 verwittig hy my dat dr Verwoerd my so gou moontlik na Kaapstad gaan laat kom om sekere aangeleenthede te bespreek. Volgens Oom Daan is die versoek van die Minister dat ek groter aandag aan nywerheidsontwikkeling op die randgebiede moet gee en nog meer plekke aanwys as wat in die volle verslag staan. Die Minister wil my ook spreek oor my houding ten opsigte van integrasie van die Blanke in die Bantoegebiede en dat ek my standpunt in die opsig sterker sal stel. Ook wil die Minister my spreek oor die samevatting van die verslag.

69. So gesê so gedaan, en taamlik by die begin van Maart 1955 was ek by dr Verwoerd in sy kantoor in die Senaatsgebou. Ek het hom dadelik weer gepols oor publikasie van die volle verslag maar hy wou geensins kopgee nie.

70. Oor die samevatting van die verslag het hy my toestemming tot 120 bladsye gegee, die paginas so groot soos die in die gepubliseerde Senaatsnotule wat hy aan my getoon het. Ek het sterk teenstand gebied maar ek kon geen verdere toegewing oor die getal paginas kry nie. Ek het toe net gesê ek sal my bes doen. Ek het dit toe maar op my eie verantwoordelikheid geneem om die publikasie heelwat te vergroot. Dit het by publikasie te staan gekom op 214 paginas en 64 paginas kaarte oorgeneem uit die atlas.

71. Ons het ure gesels oor die ontwikkeling van die gebiede en oor die belangrikheid van nywerheidsontwikkeling in stedelike komplekse binne die gebiede. Ek het hom my siening oor die intensiteitsteorie gegee maar hy het sy eie gehad en vas geglo dat randgebiedontwikkeling op sy eie sal kon slaag om die gebiede uit hul agterlikheid op te hef, dit maak nie saak wat die afstand is nie. Dit is verskriklik moeilik om met dr Verwoerd te redeneer. Hy weet van alles beter. Ook op al die ander punte waarvan hy nie gehou het nie soos die inbring van private grondbesit in die landbou, die instelling van 'n Ontwikkelingsraad en so meer. Oor die Ontwikkelingsraad het hy my baie goed laat verstaan dat hy geen so 'n instelling nodig het nie want hy wat Hendrik Verwoerd is, is self so 'n ontwikkelingsraad. Ek het hom naderhand met die gevaar van die geweldige toename in die Swart bevolking en die oorvloei na die Blanke stede probeer beïndruk, maar sonder enige sukses. Ek het werklik die indruk gekry dat dr Verwoerd hom nie laat afskrik deur bevolkingsgetalle nie. Hy het een of ander plan in sy kop gehad wat ons nooit sal weet wat dit was nie.

72. Dit was naderhad 6 uur toe stel hy voor dat ons by sy ampswoning naby Grootte Schuur gaan eet. Ons is daar weg met die groot Ministeriële ampsmotor met drywer en al. By sy huis aangekom, het mev Betsie Verwoerd - sy is in een woord die ideale gasvrou en laat jou dadelik tuisvoel - my haar pragtige tuin gewys en daarna het ons gaan eet. Ek onthou dat ons maceroni en kaas vir aandete gehad het, wat heerlik gesmaak het. Ek onthou ook dat die Verwoerds nie 'n tafelgebed sê nie. Elkeen buig sy hoof en maak sy oë toe vir 'n paar sekondes en dan begin die ete. Na aandete is die gesprek tussen my en dr Verwoerd

voortgesit, hy doen feitlik al die praatwerk en ek luister. Hy het verskeie sake aangeraak maar in hoofsaak het sy betoog weer gegaan om my te oorreed om af te sien van my standpunt om Blanke kapitaal en Blanke entrepreneurs vir die ontwikkelingstaak in te span. Ek het hom probeer laat verstaan dat ons andersins nooit 'n tempo van ontwikkeling uitgevoer sou kon kry om teen die einde van die eeu die beoogde groot bevolking in die gebiede te akkommodeer nie. Maar soos in die Senaatkamer het my stellings geen indruk op hom gemaak nie. Skuins na 9 is ek daar weg met sy groetwoorde ".. nou ja, nou weet jy wat jy moet doen", verwysende na die samevatting wat ons besig was om voor te berei en waarin ek nog veranderde stellings kon aanbring. Dr Verwoerd het my glad nie beïndruk nie en ek is in die wagtende voertuig weg, meer vasberade as ooit dat ek nie enigsins gaan afwyk van ons eerlike wetenskaplike bevindings nie.

73. Op 29.6.1955 tydens die sitting van die Kommissie om die samevatting volledig te bespreek het lede Young en Prinsloo versoek om 'n minderheidstandpunt oor nywerheidsontwikkeling te stel. Alhoewel dit alreeds laat in die dag vir so iets was, het ek my toestemming daartoe gegee. Hulle was gekant teen toelating van enige Blanke entrepreneurs in die gebiede. Daar was geen ander ondersteuning vir hulle standpunt nie en dit is as 'n minderheidstandpunt in die samevatting opgeneem. Ek kon nie anders nie as om te glo dat dr Verwoerd die skroef aangedraai het op hierdie twee lede, albei amptenare in sy Departement. Ek het hulle baie jammer gekry. Terselfdertyd het ons op versoek van mnr de Wet Nel die betrokke hoofstuk in die volle

verslag ietwat verander deur randgebiedontwikkeling sterker te beklemtoon met die gevolg dat daar in die verslag twee hoofstukke 34 voorkom, nl 34 en 34(a).

74. Die verslag van die Sosio-ekonomiese Kommissie is in 'n lang debat wat oor 'n paar dae gestrek het, in die Volksraad behandel. Dit het begin op 14.5.1956. Drie van ons Kommissielede het die debat bygewoon en in die Speaker se losie gesit. Saam met my was dr Badenhorst en prof Bisschop teenwoordig. Ek kan net rapporteer dat ons verslae daar weg is, met min hoop dat daar baie gou veel van enige ernstige ontwikkeling in die gebiede sou kom. Dr Verwoerd se twee lang toesprake was alles behalwe aangenaam vir ons om aan te hoor. Die venyn daarin kon 'n mens tussen die "lyne" aanvoel.

75. Na verdaging van die debat op 16 Mei het ons drie lede wat van Pretoria gekom het, saam met mnr de Wet Nel in die Parlementrestaurant gaan koffie drink. Dr Verwoerd het met kollegas so vier tafels van ons af gesit. Uit ordentlikheid het ek hom gaan groet. Met 'n baie onvriendelike "nou sien jy wat gebeur" het hy my toegevoeg. Dit was die laaste keer wat ek vir dr Verwoerd van aangesig tot aangesig gesien het. Maar die onaangenaamheid, ek wil amper sê die heksejag, was nog nie oor nie.

76. Die aanloop tot die groot Volkskongres oor die Sosio-ekonomiese verslag gehou in Bloemfontein, 28-30 Junie 1956 was sowaar vol angels sover dit my aangegaan het. Die kongres het plaasgevind onder die beskerming van die drie Afrikaanse kerke en die reëlings is deur Sabra getref. Ek was op die program om die hoofreferaat te lewer getitel "Die voorgestelde ontwikkelingsprogram vir die

Bantoegebiede". Alhoewel ek toe reeds terug was in die Departement Landbou en professor in die Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, het dr Verwoerd summier geweier dat ek optree aangesien die referaat oor 'n onderwerp gaan wat by sy Departement resorteer. Onder sterk druk van die Kerke moes hy net swig maar het die handdoek ingegooi slegs op voorwaarde dat dit my laaste openbare optrede sou wees oor enige aspek rakende die Sosio-ekonomiese Verslag oor die Ontwikkeling van die Gebiede. Die Kongres was uiters suksesvol en die 900 afgevaardigdes vanuit die Afrikaanse Kerke is daar weg met nuwe moed vir die toekoms van Suid-Afrika gesien in die lig van die ontwikkelingsprogram wat deur die Kommissie opgestel en aan die Regering, hopelik vir uitvoering, voorgelê is. Ek sal dit nooit vergeet nie, hoe daardie groot gehoor my staande langdurig toegejuig het toe ek gaan sit het.

77. Intussen is ek onder die Nederland/Suid-Afrikaanse Kultuurverdrag uitgenooi om Nederland te besoek. Dit het plaasgevind vanaf 19 Augustus tot 2 Oktober 1956 maar is voorafgegaan deur 'n private besoek aan Engeland, veral die Lake Districts, vanwaar my voorsate aan vaderskant spruit. Reeds voor my vertrek was daar groot moeilikheid. Ek is gevra om 'n lys van lesings op te stel wat ek gewillig sou wees om te lewer. Omdat ek moeilikheid verwag het, is in die lys opgeneem die helfte van 'n landbou-ekonomiese aard en die res oor sekere aspekte van ontwikkeling in ons onderontwikkelde gebiede. Die lys is deur die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan dr Verwoerd voorgelê. Hy het dit summier verwerp. Grap van die hele ding is dat die Sekretaris van Onderwys my versoek het om lesings oor

die Kommissietaak ook in die lys op te neem aangesien die mense in Nederland dit graag sou wou hê. Noodgedwonge moes ek 'n ander lys opstel sonder enige verwysing na die ontwikkeling van die gebiede. Ek het tog gesoebat dat slegs een sodanige lesing ingevoeg word, getitel "Die metodiek van opheffing van onderontwikkelde gebiede", maar sonder enige sukses.

78. Die Nederlanders met die Hoofregter aan die voorpunt - die hantering van die Kultuurverdrag het onder hom geresorteer - kon so iets nie begryp nie en was woedend. My eie posisie was sowaar iets wat ek geen ander mens sou toewens nie. Na 'n heen en weer gekabel en geskryf is aan Suid-Afrikaanse kant, dit wil se deur dr Verwoerd, goedgekeur dat ek een lesing oor die ontwikkeling van die Bantoegebiede mag gee, maar dit slegs aan Suid-Afrikaanse studente met die pers uitgesluit. Die omstandighede waaronder my besoek geskied het, het Suid-Afrika oneindig kwaad in Nederland gedoen. Selfs Van Wyk Louw het 'n baie sterk standpunt oor Wêreld Radio ingeneem. Hy was erg teleurgesteld en gebelg oor die hele aangeleentheid. Gelukkig het ek 'n dagboek in Nederland gehou wat produktief deur toekomstige navorsers gebruik kan word. Wat my betref is 'n gulde kans om Suid-Afrika ten opsigte van sy onderontwikkelde gebiede, in hoë kringe wetenskaplik te stel, verlore laat gaan.

79. In 1966 is 'n Kommissie van Ondersoek na die Landbou in Suid-Afrika benoem, later bekend as die Landbou-kommissie. Vanweë my ondervinding van die landbou en van kommissiewerk was ek blykbaar deur die Minister van Landbou as aangewese persoon vir die voorsitterskap beskou. Dit het skipbreuk gely en ek is nie eers as lid van die Kommissie aangestel nie.

Op 'n goeie dag na die Kommissie reeds met sy werksaamhede begin het, is ek deur die Minister van Landbou na sy kantoor ontbied. Hy het my onmiddellik gevra "Hoekom het jy met Verwoerd baklei?" My antwoord was eenvoudig: "Ek het nie met hom baklei nie. Ek het net by die wetenskaplike gefundeerde resultate van ons ondersoek gestaan. Dis al." Ek het my afleiding van hierdie kort onderhoud gemaak. Dr Verwoerd was toe Eerste Minister. Graag wil ek nog op hierdie laat stadium mnr Uys, tans afgetree, gaan uitvra na die gebeure. Na dr Verwoerd se tragiese dood het die voorsitter van die Kommissie, dr M D Marais, my gevra om die voorsitterskap by hom oor te neem. Daarvoor het ek op daardie stadium nie kans gesien nie. Ek het te seer oor die hele aangeleentheid gevoel. Dr S J du Plessis het op baie bekwame wyse die voorsitterskap oorgeneem.

80. Nadat ek van Nederland teruggekeer het, het ek my so ingeleef in my werk as Direkteur van Landbou in die Transvaalstreek asook op nagraadse gebied in die akademie by die Universiteit van Pretoria dat ek die nare ondervindings by die Sosio-ekonomiese Kommissie opgedoen, van my afgeskud het. Maar wat met my gebeur het ten opsigte van die Landboukommissie kon ek sowaar nie vat nie. Daaroor het ek baie sleg gevoel, seker vanweë my liefde vir die landbou en sy bodem. Geen wonder dat ek in 1968 gegryp het na die kans om as voorsitter van 'n Interdepartementele Komitee verslag uit te bring oor die "Gebruik van Landbougrond in Suid-Afrika". 'n Verslag waarin die beginsel van optimale bodembenutting geformuleer en as beleid deur die Minister van Landbou vir Suid-Afrika aanvaar is.

## G. 'N SLOTGEDAGTE

81 Ons het waardevolle jare verloor - daardie eerste 15 jaar - beide fisies en sielkundig. Sielkundig omdat ek dink die bevolking, Blank en Swart, reg ingestel was vir 'n sterk poging tot die ontwikkeling van die Swartgebiede. Maar dit is seker nooit te laat vir enige groot en belangrike saak nie. Die instelling van hierdie belangrike Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika is bewys daarvan. Ek is oortuig dat dit met u goed sal gaan en 'n groot stimulant vir ontwikkeling sal wees. Daaraan twyfel ek nie. Ek wil net graag, voor ek afsluit, vir u die laaste paar sinne lees van my toespraak by die Volkskongres in Bloemfontein teen die einde van Junie 1956. Nadat ek my referaat gelewer het, het ek so geëindig: "Hierdie is dan die uitdaging wat die oorblywende deel van die twintigste eeu aan Suid-Afrika stel, en die eerste 10 tot 15 jaar van nouaf sal die beslissende fase wees. By hierdie geslag lê die beslissing. 'n Volgende geslag sal waarskynlik geen kans op 'n beslissing hê nie. Mag die huidige geslag groot genoeg wees om hierdie uitdaging te aanvaar." Wat myself betref wil ek dit graag hier konstateer dat 'n gewone mens soos ek so 'n taak oor ontwikkeling waarmee ek op die Sosio-ekonomiese Kommissie te doen gehad het slegs een keer in jou lewe kan verrig. Om 'n soortgelyke taak onder dieselfde omstandighede te herhaal sal vir die menslike gestel net onmoontlik wees.

Dankie dat u na my kom luister het.